basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

BYLAE A

NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN-ONDERNEMING

Ek ..... onderneem plegtig:

(a) Om my bes te doen in die komende eksamen sodat ek die persoonlike en akademiese doelwitte kan bereik wat ek vir myself gestel het.

(b) Om te fokus op my studie en al die tyd tot my beskikking te gebruik vir hersiening van die werk wat deur die jaar behandel is om al die vaardighede wat ek nodig het om sukses in die eksamen te behaal, te verbeter.

(c) Ek sal ook my mede-skoliere ondersteun tydens ons voorbereiding vir die eksamen.

(d) Ek sal nie deur persoonlike of ander omstandighede van stryk gebring word in my strewe om my Nasionale Seniorsertifikaat-kwalifikasie te verwerf nie.

(e) Ek onderneem om die beginsels van eerlikheid en integriteit in hierdie eksamen te handhaaf deur:

(i) Te voldoen aan al die reëls en regulasies wat op die Nasionale Seniorsertifikaat-eksamen van toepassing is.

(ii) Die wettig erkende instruksies van toesighouers gedurende die skryf van die eksamens uit te voer.

(iii) My nie deur enige persoon, die toesighouer ingesluit, te laat beïnvloed om op enige manier tydens die eksamen oneerlik te wees nie.

(iv) Nie aan enige oneerlike praktyke deel te neem nie, wat insluit, maar nie beperk is tot, afskryf, besit van ongeoorloofde materiaal of elektroniese toestelle (bv. selfoon), aanbied (of aanvaar) van hulp aan/van ander kandidate, skryf namens ander kandidaat of enige ander ongeoorloofde optrede nie.

(v) Enige vorm van oneerlikheid waarvan ek bewus is aan die skoolhoof te rapporteer.

(vi) Te verseker dat ek nie 'n selfoon of enige elektroniese toestel gedurende die eksamen in my besit het nie.

(vii) Te verseker dat, indien ek enige inligting met betrekking tot 'n vraestel wat nog geskryf moet word, ontvang, ek onmiddellik my vakonderwyser en die skoolhoof sal inlig.

(f) Ek maak hierdie belofte plegtig, uit ele keuse en erken dat dit bindend op my gewete is.

Naam:	
Eksamennommer:	
Sentrumnaam:	
Handtekening:	
Datum:	